Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.




VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 31 JANUARIE 1945. No. 10.

# Woning-Vraagstuk Ontwikkel Tot Volksramp

## Ministeriële Gekskeerdery In Plaas Van Oplossing

***Die woningnood in ons land toon nog steeds 'n stygende kurwe. Instede dat die tekort aan woonhuise enigermate verlig word, word die huisgebrek toegelaat om te ontwikkel van 'n eersterangse probleem tot niks minder as 'n nasionale ramp nie.***

***WAAR LONE EN WERKSGELEENTHEDE VROEËR BEPALENDE FAKTORE WAS BY DIE KEUSE VAN 'N WOONPLEK VIR DIE GESIN, DAAR HET ONS VANDAG 'N TOESTAND BEREIK WAAR 'N GESIN SE VERBLYFPLEK BEPAAL WORD DEUR DIE KANSE OM 'N HUIS TE BEKOM, AL DAN NIE.***

***Ons weet van 'n geval waar 'n man uit Pretoria na Kaapstad wou verhuis, omdat hy daar 'n meer geskikte en simpatieker werk kon kry, en wel teen 'n groter salaris. Hy kon die voordelige verandering egter nie maak nie, omdat hy in Kaapstad geen onderdak vir hom en sy gesin kon vind nie — en dit wel na 'n intensiewe soektog van ses maande.***

Die vraagstuk is nie net beperk tot die groot stede nie; op die plattelandse dorpies is die huisskaarste ewe akuut.

'n Man wat vertroud is met toestande op die eiendomsmark, verklaar aan ons dat ondanks die regering se pogings om eiendomswaarde en -huur te stabiliseer, ook op hierdie front 'n bedrywige swartmark opereer. **Hy vertel van 'n wanhopige huissoeker in Johannesburg wat „enigiets" wou betaal om maar net 'n huis te kan huur. Hom is een aangebied teen £45 per maand — 'n mooi groot huis. Hy moes dit weier, want 'n man kan tog nie 'n huishuur betaal wat groter is as jou salaris nie!**

Skokkende voorbeelde word daagliks teengekom wat aantoon watter ongesonde prysstygings eiendomme toon.

**'n Huis wat in Johannesburg in 1939 met grond en al £2,800 gekos het, is in 1944 verkoop vir £6,500. In Bloemfontein word huise wat teen £1,800 gewaardeer is, verkoop teen bedrae in die omtrek van £4,000. Selfs op die platteland word huise verkoop teen tot driemaal die gewaardeerde bedrae.**

Uit ekonomiese kringe het selfs waarskuwings gekom dat mense nie in vaste eiendom moet belê nie, want die bedrae wat gevra word, is so ver bokant die eiendom se waardekerf, dat om dit te betaal, onvermydelik die waarde van die geld self moet verminder.

### Die Skuldige

Die regering het hierdie toestand laat ontwikkel. Hy laat dit nog steeds vererger. En hy skyn magteloos te wees om dit enigsins te verhelp.

Ten aansien van hierdie hele aangeleentheid slaan mnr. Harry Lawrence — die Minister sonder Huise (was hy maar liewer sonder portefeulje) 'n droewige figuur.

In September 1943 het hy aangekondig dat hy binne 'n jaar 30,000 huise vir die volk gereed sal hê. Sy woorde was: „Die regering het besluit om 'n kragdadige behuisingsbeleid aan te pak. Die voorlopige mikpunt is die oprigting van 30,000 wonings in die loop van die volgende twaalf maande".

Teen Mei-maand van die volgende jaar het die Minister sy September-belofte al heeltemal vergeet. Toe het hy aangekondig dat hy „in die loop van die volgende twaalf maande" 15,000 huise gaan bou.

Twee maande later, in Julie-maand, het Minister Lawrence aangekondig: „'n Nasionale behuisingskema van £8,000,000 binne die volgende twaalf maande word nou deur die regering as MOONTLIK beskou na raadpleging met die adjunk-boukontroleur".

**Terwyl mnr. Lawrence besig was om met die huisloses gek te skeer oor huise wat hy wil bou, ja, sal bou, nee, moontlik miskien tog kan bou, het meer en meer mense huisloos geword. Vandag is die toestand al so akuut dat mense nie alleen verplig is om in motorhuise en agterkamertjies saam te drom nie, maar selfs genoodsaak word om in tente en ou motorkarre op die oop veld te bly.**

### Eers Dan

Selfs blinde mense kan vandag sien dat die regering magteloos is om die volk van huise te voorsien. En dit vandag al, wanneer die behuisingsprobleem nog lank nie sy volle omvang bereik het nie. Dit sal eers gebeur as die soldate terugkeer en gedemobiliseer word, wanneer duisende gesinne, wat vandag in losieshuise, kampe en inrigtings verspreid is, hul normale huislike lewe sal hervat.

Dan sal selfs watertenks gesog wees as woonhuise!

Jongslede is nog 'n oorsaak bygevoeg tot die lang reeks wat gelei het tot die misdadige mis-oes wat die regering ten aansien van behuising gemaak het.

**Dit kom nou uit dat die land nie oor genoegsame opgeleide vakmanne beskik om 'n na-oorlogse bouprogram volstoom te laat werk nie. Dat so'n toestand, temidde van al die oorlogsprobleme, ook nog bestaan, is 'n nuwe flagrante voorbeeld van nalatigheid aan die kant van ons ongelooflik onbekwame regering.**

### Geen Werkkragte

Mnr. S. Pauw van die Universiteit van Pretoria, het in **Die Vaderland** uiteengesit dat ons land, om die boubedryf op sy 1936-peil te handhaaf, jaarliks 636 nuwe werkkragte tot die geskoolde ambagte in die bedryf moet byvoeg. Ons moet natuurlik meer nuwelinge byvoeg om die boubedryf uit te brei in verhouding tot die abnormale vereistes van die oorlogsjare.

Hierteenoor, so verklaar mnr. Pauw, is daar gedurende die laaste vyf jaar maar gemiddeld 383 vakleerlinge tot die bedryf toegelaat!

**Hoe op aarde durf 'n minister, wat die vermetelheid het om te praat van 30,000 huise in twaalf maande en van 'n £8 miljoen-bouprogram, so nalatig wees om geen aandag te skenk aan die werkkragte-aspek hiervan nie? Maar tog is dit so.**

Maar nog is dit nie al nie. Om nou die tekort aan werkkragte aan te suiwer, wil die regering dat ou- en halfgeskoolde naturelle-werkers in diens geneem word. Klaarblyklik moet een flater nou met 'n ander flater probeer verhelp word. **Naturelle-indiensneming in die boubedryf sou vir die**

(Vervolg in kol. 4 bls. 2)


# TE VEEL KOS VIR GE-INTERNEERDES

## Skitterende Reaksie van O.B.-Lede

**Nogeens het die Ossewabrandwag getoon dat hy in tye van krisis sy mede-Afrikaner in die stryd bystaan en hom nie aan sy lot oorlaat nie. Na aanleiding van 'n oproep in Die O.B. kort voor Kersfees om eetware na die Koffiefonteinse kamp te stuur, was daar so 'n geweldige toestroming van voedsel en lekkernye dat dit eenvoudig nie alles baasgeraak kon word deur die geïnterneerdes nie. Hulle kon selfs nog aan die inwoners van die ander interneringskampe voedsel verskaf!**

**Mev. T. A. Immelman, wat al hierdie voorrade by Koffiefontein hanteer, wens almal wat so bygedra het namens die geïnterneerdes te bedank vir hierdie pragtige gehoor wat hulle op die roepstem gegee het. Sy verklaar dat daar nog so 'n oorvloed is, dat sy verplig is om lede te versoek om voorlopig alle aansendings van eetware na die kamp te staak.**

**Die Ossewabrandwag is trots op hierdie skitterende daad van broederskap wat nogeens 'n bewys aan ons vyande lewer van die lewenskragtigheid van die Beweging.**



Wees GESOND en STERK!

JOHAN HEFER sal vir u ook so'n mooi liggaam met reusekrag bou.

Skryf aan: Johan Hefer en meld u Liggaamlike Swakhede of vul hierdie koepon in:

Johan Hefer
Posbus 8809,
Johannesburg.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u Kursus.

Naam..............................

Adres..............................

..............................

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

SASBANK
*Verrig Volksdiens!*
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

AANKONDIGING!!
●
SPRINGBOK MEUBELS
Die Huis- en Kantoor-Meubeleerders
OPEN
VANAF 1 FEBRUARIE
'n tak te
Jan Phillipsgebou,
Lady-Greystraat,
PAARL.
(Voorheen: Van Schaiks)
●
Rig navrae aan:
Victoriaweg 171, Woodstock.

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
●
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
●
BESTE HEERSENDE PRYSE.
●
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-8212.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*
Pro Ecclesia-Drukkery
(Edms.) Bpk.
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders
*Die Laan, Stellenbosch.*

Noem die O.B. wanneer u by Adverteerders koop.

# K.G. se Boodskap

## „Verdien Die Vryheid!"

Onderstaande is die boodskap wat die K.G. uitgereik het met die oog op die program vir Vryheidsdag:

Op 27 Februarie 1942 het die O.B. vir die eerste keer oorgegaan tot 'n landswye viering van Vryheidsdag met Amajuba as sentrale punt. Vanjaar vier ons dit ten spyte van die oormag van vyande vir die vierde keer.

Ons herdenk nie net die manne van Amajuba nie, maar ook die gees waarin daardie manne hul geslag vrygemaak het. Op Paardekraal het hulle 'n eed gesweer **en omdat hulle die eed met die daad gehou het, kon hulle voor God genade vind.**

En ons geslag van republikeinse Afrikanerdom? Was daar in ons geslag ook 'n eed en 'n daaropvolgende daad gewees?**Goddank, ja! In die Ossewabrandwag. In die Empire se kampe en tronke het Afrikaners by die honderde geweier om die eed te breek. En daarbuite het tienduisende volksgenote hul noodlydende moeders, vrouens en kindertjies bygestaan.**

### OORDEEL

Want die volk wat net sê: „Ons wil vry word", het nog niks gedoen nie, en die wat sweer voor God dat „ons gaan vry word", en dan deur **wankelmoedigheid sy eed verbreek, sal vind dat hy 'n eed gesweer en verbreek het wat hom tot oordeel sal strek. Maar die geslag wat sweer dat hy die vryheid gaan nastreef en dan dag na dag, jaar na jaar, die stryd voortsit, die sal genade vind en ook die krag omdat sy eed sy erns was en nie net leë woorde nie.**

In die geskiedenis van hierdie volk sal die oorlogsjare bekend staan as jare waarin tienduisende Afrikaners, mans, vroue en kinders, onder die felste teenkanting met intimidasie vansyde Empire-handlangers en met uitlewering vansyde groepe na-ywerige of misleide volksgnote, hul eed voor God volhardend en taai nagekom het.

### MONUMENT

**As monument vir die eed en die volharding van die republikeinse Afrikaner van ons geslag staan die reddende daad van die O.B. se Noodhulpfonds.**

Waar andere skouerophalend gevra het: Is ek dan my broer se hoeder? daar het elkeen van u ses jaar lank pal gestaan, brandwag gestaan; en **omdat u die eed gehou het teenoor weerlose vroue en kindertjies, daarom weet ons dat u die eed ook gaan hou teenoor die vrywording van ons volk.**

Wat andere heeldag oor droom of praat, maar wat hulle nog nie eens aangedurf het nie, dit het tienduisende Afrikaners, mans, vroue en kinders, alreeds jaar in, jaar uit volbring. En op hierdie taai en pligsgetroue tipe Afrikaner gaan ons ons vryheid bou, op die tipe in die Volksbeweging die Ossewabrandwag.

Vir die nuwe Vryheidsjaar wat op 27 Februarie 1945 intree, herhaal elkeen van ons voor God ons eed: „Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat nie en ek sal hom nie aan die vreemdeling en die vyand uitlewer nie".

Slegs Afrikaners wat jaar in, jaar uit daardie eed hou, het ook die moed om met vertroue te vra: „Heer maak ons vry!"

(Geteken)

J. F. VAN RENSBURG,

Leier en Kommandant-Generaal,

Ossewabrandwag.

# Arbeidersparty Strooi Sand in Werker se Oë

Die Ossewabrandwag het reeds genoegsaam bewys dat die kommunisme vir die werker in Suid-Afrika geen heil kan bring nie.

Die O.B. het egter deur middel van sy Arbeidslaer vir die werker die weg na sosiale geregtigheid en bestaansveiligheid aangedui. Omdat die werker die kapitalisme as vyand nommer één leer ken het en die O.B. die nasionale en sosiale kragte teen hierdie vyand mobiliseer, volg die werkers in steeds groter wordende getalle die weg van die O.B.-Arbeidslaer. Hierdie weg wat die O.B. aanwys, laat die dwaalpaadjies van die kommunisme in onbruik verval.

Die Brits-sosialistiese leiers van die Arbeidsparty begin stadigaan insien waarheen dinge loop. Op hul jongste kongres het hulle besluit om 'n verenigde arbeidsfront in die lewe te roep, maar met uitsluiting van die Kommunistiese Party — waarom? Omdat die Afrikanerwerkers nie van die kommuniste hou nie! **Met ander woorde, omdat die Afrikanerwerkers die nasionale en sosiale rigting van die O.B.-Arbeidslaer bo die gelykstellingsbeleid van die kommuniste verkies.**

Maar ook die here van die Arbeidsparty, meestal ouerige Britte uit die geledere van die klein eksklusiewe kring van hoogbetaalde vakmanne, verkies die segregasiebeleid ten opsigte van die nie-blankes, maar let wel, **nie omdat hulle rassuiwerheid nastreef nie, maar wel omdat hulle hul bevoorregte posisie as 'n klein groepie van hoogbetaalde vakmanne teen enige mededinging van die kant van 'n moontlike groot aantal geskoolde nie-blanke werkers wil beskerm!**

### Hul Motiewe

Ons is dankbaar dat ook hulle uiteindelik die stryd teen die kommunisme aangeknoop het, maar hulle moet ons asseblief nie kwalik neem dat ons ons nie sand in die oë sal laat strooi nie — ons weet uit watter motiewe hulle handel. **Uit dieselfde selfsugtige — 'n ander naam daarvoor is kapitalistiese — motiewe waaruit hul segregasiebeleid voortspruit, vloei ook hul optrede teen die duisende laagbetaalde halfgeskoolde Afrikanerwerkers voort. Hulle wil die kring van geskoolde werkers wat deur hulle beheer word, so klein moontlik hou, sodat die aanvraag altyd die aanbod sal oortref en hul lone dus hoog sal bly. Vir die Afrikanerwerker bied hulle geen heil nie. Waarom werk hulle dan nog steeds met die kapitalistiese regering van genl. Smuts saam?**

Die O.B. aanvaar graag die bondgenootskap van die Arbeidsparty teen die kommunisme maar teen die kapitalisme — die aartsvyand van die werker — kan die O.B. geen steun van die Arbeidsparty, gesien sy huidige samestelling en koers, verwag nie. Daar is vir die Arbeidsparty net een moontlike weg oop as hy die kapitalisme en die kommunisme daadwerklik wil beveg, en dit is die weg van die O.B.

# Opstoking Van Naturelle

Die onrus wat onder naturelle veroorsaak word deur kommunistiese opstoking, word weerspieël in 'n verslag van die Departement van Arbeid oor die arbeidsmoeilikhede tydens 1943. Daarvolgens was daar 52 stakings waarby 8,400 persone betrokke was. Daar het op die wyse byna 50,000 werkdae en nagenoeg £20,000 aan loon verlore gegaan. **Hierdie syfers is aanmerklik hoër as dié oor die voorafgaande twaalf jaar. Vier-vyfdes van die stakers was naturelle, en die stakings het grotendeels in die winkelbedryf voorgekom.**

# FLINK OP HUL POS

Die kommandant van die Marchand-kommando berig dat sy offisiere en brandwagte flink gereageer het op die oproep in Die O.B. insake hulp aan die geïnterneerdes op Koffiefontein.

Hy het namens sy kommando 5 sakke meel; 4 pakke koffie; 2 pakke koek; en £5-10-0 aan geld weggestuur.

Ook die ouer mense uit die Tweede Vryheidsoorlog se dae, met herinneringe aan die St. Helena-eiland-kamp, het hul deel gedoen. O.a. het mnr. E. Steenkamp en sy eggenote elk hul £1 gestort.

Komdt. Louw wil graag almal diegene wat so fluks bygedra het, van harte bedank. Hulle het hul brood op die water gewerp, en na vele dae sal hulle dit weer vind.

# OFFISIERE VERLAAT P.E.

Hoofkomdt. J. Terblanche berig dat onlangs 'n hele aantal offisiere van P.E. verhuis het, en die kommando moes met leedwese van hulle afskeid neem.

Komdt. en Komdte. P. Celliers het vertrek na Porterville; Komdte. Bester na Rossmead; en Jeugkomdt. en Jeugveldkte. Badenhorst na Johannesburg.

Die hoofkomdt. hoop en vertrou dat die verskillende kommando's onder wie hierdie offisiere nou gaan ressorteer, ten volle gebruik sal maak van hulle kragte. Vir P.E. was hulle 'n besieling.

Dan doen hy ook 'n beroep op al sy offisiere en brandwagte om skouer aan die wiel te sit, die organisasie op te knap, en harder te werk as ooit tevore in die jaar wat voorlê.

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

**blanke werker eenvoudig ondergang beteken en vir die bedryf agteruitgang, want dit sou 'n toestroming beteken van goedkoop ongeskoolde werkers.**

### Die Kroon

Om alles te kroon bestaan die regering se kontrole-stelsel (mens sou wil sê Koning Midas die Sot-stelsel) ook nog om die probleme van die bedryf te vererger. **Mnr. M. J. Palm, bouwerkers-organiseerder in Pretoria, verklaar dat as die boukontroleur sy huidige beleid voortsit, staar werkloosheid die bouwerkers binne drie maande in die aangesig!**

Mens kan byna vra: Wat nou nog? Ons partypolitieke regering het, wat die boubedryf betref, volmaakte chaos tot stand gebring:

Die volk het geen huose nie. Bestaande werkkragte is ontoereikend om 'n voldoende aantal huise aan te bou.

**En tog! 'n Mens kan haas geen permit om 'n huis te bou in die hande kry nie. Die gevolg is dat die bouwerkers waaroor ons nog beskik, met werkloosheid bedreig word.**

Dit sal die nasionaal-sosiale gesagstaat van die Ossewabrandwag vereis om orde te skep uit die chaos waarin die partypolitiek Suid-Afrika beland het en nog daagliks verder indompel.

# Woordbomme In Die Parlement

(Hier geld alleen die deel van ons opskrif: „Wat gesê word").

Die parlementêre woordefabriek het vanjaar begin met 'n „mosie van afkeuring" wat deur die leier van die opposisieparty ingestel is waarvolgens die regering aangekla word van „laksheid en onbevoegdheid" ten opsigte van die voedselvraagstuk en van „planloosheid, onvoorbereidheid en onbevoegdheid" ten opsigte van die maatskaplike vraagstukke.

Na 'n goeie en kragtige toespraak van dr. Malan moes die leier van die regeringsparty (of Eerste Minister) antwoord. Genl. Smuts het hom egter nie verwerdig om dit te doen nie. Hy het opdrag gegee aan min. Harry Lawrence — Harry Lawrence van almal! — om op dr. Malan se toespraak te antwoord. Die Burger probeer hierdie belediging as volg afsluk: „In teenstelling met die gewone gebruik dat die Eerste Minister op so'n mosie van die Opposisie-leier antwoord, het genl. Smuts dit gister wys geag om die glibberige verdediging aan min. Lawrence oor te laat. By ander redes het hy miskien aangevoel dat dit darem nie sou deug om onmiddellik na die aktuele toespraak van dr. Malan nou weer in die wolke rond te dool oor mooi ideale nie".

**Hierdie „mosie" is natuurlik al by voorbaat deur die regeringsparty se koukus verwerp. Al die lang toesprake kan die regering nie tot dade beweeg nie. Meeste wat dit kan doen, is om hom „aan die kaak te stel", d.w.s. om propaganda teen hom te maak met die oog op die verkiesing oor vier jaar.**

**TEENOFFENSIEF**

En hierdie propaganda-offensief het die regering probeer verydel deur eenvoudig met sy eie werk voort te gaan tot groot ontsteltenis in die opposisie-kamp. In plaas van voorrang te verleen aan die mosie, het hy die parlement aan die werk gesit oor 'n aanvullende begroting — en wat hy hierin vra, sal hy kry — ondanks opposisionele „mosies van afkeuring".

Die opposisie het met 'n harde bui woorde 'n teenaanval op hierdie teenoffensief geloods. Kartetse in hierdie sarsie is o.a. dr. Malan se dreigement dat „as die Regering slaan, dan moet hy verwag om teruggeslaan te word". Hy het hierdie bom met die volgende belangwekkende woorde-kruit gelaai: **„Die werksaamhede van die Raad kan alleen glad verloop as daar die samewerking tussen albei kante is. Maar as u ons so behandel, watter reg het u om ons medewerking te vra? Ons sal dit baie ernstig oorweeg of ons dié tegemoetkoming teenoor die Regering sal gee."**

Die regering het ook 'n mortierbom na die loopgraaf van die opposisie geslinger. Dit was gelaai met die argument dat as dit 'n mosie van wantroue was in plaas van „sensuur", dit aanspraak kon gehad het op voorrang! 'n Verdere stukkie skrapnel daarin was die argument dat die speaker van ons parlement in 1935 (d.w.s. Nasionalis dr. E. G. Jansen) beslis het dat so 'n mosie nie voorkeur hoef te geniet nie.

**Hierdie stelling het dr. Malan bestorm met 'n Britse tenk in die volgende bewoording: „Die reëls wat hier gevolg word en wat ook in die Britse Laerhuis van toepassing is, is, dat so 'n mosie wel voorrang moet kry. Die reëling van die Speaker in 1935, meen spr. was verkeerd."**

**Ongeval in hierdie stormloop: Dr. E. G. Jansen, redakteur van die H.N.P. se Engelse weekblad.**

**Die helfte** van 15,600 troepe van die Kanadese tuisleër wat onlangs kragtens wet opgevorder was vir oorsese diens, het tydens die inskeping gedros, na Reuter berig.

# L.V.'s se Houding In Vleiskrisis

**In Kaapstad heers daar die afgelope weke weer 'n ongekende tekort aan vleis. Slaghuise staan die grootste gedeelte van die week gesluit, en die toestand word beskryf as die ergste in die geskiedenis van die stad.**

**Terselfdertyd word uit Pietermaritzburg berig dat daar so'n oorvloed aan vleis op die mark is dat slagters eintlik opgeskeep sit met hul voorrade.**

**Slagters kla dat daar 'n groot smokkelhandel in vleis plaasvind en dat vragte vol die stad op onwettige wyse binnekom.**

**In hierdie toestand is alle oë opgehef na die Parlement wat tans in Kaapstad sit, maar sonder gevolg. Daar is bevind dat op dieselfde dag waarop in die pers aangekondig is dat die invoering van blikkiesvleis vir die hospitale oorweeg word, die parlementslede in die parlementsgebou nog soveel vleis op die tafel gehad dat hulle tussen vier verskillende skottels vleis kon kies!**

**VRYSTELLING!**

**Maar dit het nie verhoed dat een van die lede 'n versoek tot die regering gerig het om parlementslede vry te stel van die beperkings wat daar op die publiek rus ten opsigte van die invoer van vleis van buite af nie. Die lid wou dat daar vrystelling verleen sal word aan parlementslede om vleis van hul plase of selfs van Durbanville af, net buite die stadsgebied van Kaapstad, vir hul eie gebruik in te voer. Hierdie optrede sowel as die weelderige vleisdis in die parlementsgebou het 'n vlaag van verontwaardiging by die Kaapse publiek laat losbars. Die mening word uitgespreek dat in plaas van dat hierdie „wetgewers" verligting bring in die toestand, hulle net bekommerd skyn te wees oor hul eie gerief. In plaas van dat hulle die voorbeeld aan die publiek stel hoe om 'n vleisskaarste glimlaggend te deurleef, sit hulle gewetenloos aan by 'n oorlaaide tafel. Dit is tiperend van die deursnee parlementslid, so word verklaar, wat losgeruk van sy volk net woorde aanbied wanneer daar om brood gevra word. Solank sy eie lyf gevrywaar is van die sorge van die lewe, is sy hoogste besorgdheid die insameling van stemme vir 'n aanstaande verkiesing.**

# Nog 'n Mening Oor Verkiesing

**Arthur Barlow se weekblad spreek die mening uit dat daar geen verkiesing in die nabye toekoms sal wees nie omdat Smuts weet dat so iets sy party uitmekaar sal kan laat spat. Dit beteken nog nie, aldus die blad, dat die H.N.P. aan bewind kan kom nie. Skeuring in die Smutsgeledere sal uitloop op die verkiesing van 'n groot aantal onafhanklikes.**

Hierdie standpunt kom tot 'n mate ooreen met Die Burger se slotsom 'n paar maande gelede toe die uitslag van Germiston-distrik se tussenverkiesing 'n groot agteruitgang vir albei partye openbaar het. **Hy het naamlik verklaar dat dit duidelik is dat nie alle ondersteuners van die Regering wat ontevrede raak, na die H.N.P. oorgaan nie, maar dat baie in „paddastoel-partytjies" opgaan.**

# Demokrate Erg Besorgd

Voor die S.A. Instituut vir Rasseverhoudings het min. J. H. Hofmeyr voorverlede week gewaarsku dat „fascisme" tydens die oorlog sterker geword het ,en dat dit nie net tot Duitsland beperk is nie. „Voor die oorlog was daar soortgelyke invloede aan die werk in ander lande en die **gevaar van die huidige toestand is dat in baie van die einste lande wat teen Duitsland veg, die fascistiese neigings tydens die oorlog sterker geword het. Die gevolg sal wees dat wanneer die stryd verby is, ons tot die ontdekking mag kom dat terwyl ons nazisme in sy tuisland verslaan het, ons nasionale volkslewe erg besmet geraak het met die kiemselle van nazisme".** Aldus mnr. Hofmeyr.

By hierdie vrees sluit mnr. Duncan Burnside hom aan. By geleentheid van 'n funksie aan die Rand het hy gesê: **„Na die oorlog sal Suid-Afrika te doen kry met 'n baie vyandige aanslag teen die demokratiese stelsel deur politieke organisasies wat ons ongelukkig nie kan onderdruk nie, en anti-Joodse propaganda sal hul belangrikste wapen wees".**

**OORTREDERS SAL GESTRAF WORD**

Die Kruithoring beklaag dit dat so baie mense wat nie juis aan die Ossewabrandwag behoort nie, teen partypolitiek te kere gaan wanneer hulle die een of ander organisasie se belange bepleit. „In hierdie organisasie is daar geen partypolitiek nie", of „laat ons die saak aanpak sonder inagneming van partypolitiek" — woorde wat dikwels verneem word — word baie ondermynend beskou. Die blad meen dat sulke uitlatings 'n belediging is vir alle hardwerkende partylede, die vroue en dogters wat „hard moet werk om nasionale feesdae 'n sukses te maak" en vir die partye self. Hy dreig dat hy „in die vervolg oortredings van die bogenoemde aard onder die aandag van sy lesers (sal) bring...... Met die eerste oortreding sal ons maar baie liggies die verantwoordelike persoon op die vingers tik. Maar daarna moet hy dit darem nie weer doen nie". Uit die waarskuwing

# WAT DAAR GEDOEN EN GESÊ WORD


IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?

Bring dit na ons en sien die resultaat ! !

**ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.**

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.

Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.

Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.

VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.



**BIOGRAFIEË van TWEE GROOT**

**VOLKSHELDE**

- **PAUL KRUGER**

Deur Dr. F. Postma. 4/6 posvry. Dit is gesonde leesstof wat veral deur ons jongmense met vrug gelees mag word — D. W. Kruger in **Ons Eie Boek.**

- **GENERAAL J. B. M. HERTZOG**

Deur C. M. van der Heever. 25/- posvry. „My vriend, die vyand van Hertzog, wees dankbaar vir wat hy vir jou Afrikanersiel gedoen het". — Langenhoven.

**Godsdienstige Werke:**

- **Die Grond van die Sedelike**

Deur Prof. dr. H. G. Stoker. 2/3 posvry.

- **Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding**

Deur Prof. dr. J. C. Coetzee. 1/9 posvry.

- **Die Kosbare Goud**

(Gereformeerde Geloofsleer) deur Predikante van die Gereformeerde Kerk ... ... ... ... ... 8/6 posvry.

**'n Nuwe Digbundel:**

- **Adam en Ander Gedigte**

Deur W. E. G. Louw. 6/3 posvry.

**ROMANS van Regina Neser**

- **SOLITAIRE**

6/10 posvry. Regina Neser oortref haarself in „Solitaire" en dis ongetwyfeld haar beste werk.

- **BLARE WAT VAL**

6/10 posvry.

**„LEESLAER"-NOVELLE-REEKS:**

**1/6 posvry elk. 16/- posvry vir twaalf.**

Mikro ... ... ... ... Saluut Korporaal.
K. Kielblock:
Die Avontuur van die Vrywillige Gevangene. — Die Avontuur van die Goue Beeld. — Die Avontuur van die Goewerneur se Dogter.
T. C. Pienaar ... 'n Versmoorde Sn'k.
J. Malherbe ... ... ... Dit is my Plig.
P. Marais ... ... ... Gesteelde Lewens.
B. Viljoen:
Na Kantoorure. Waterlote.
M. S. van Rooyen:
Rooi Ridder van die Lug.
Frits Steyn ... ... ... Drie Man Sweet.
K. v. d. Heever ... ... Uitdraai-Paaieê

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

**Posbus 29 — Pleinstraat STELLENBOSCH**

**„Diens! sal die Wagwoord wees"**

DIE O.B., WOENSDAG 31 JANUARIE 1945

# EN ONS OU KLOMPIE?

**Onderwyl die verloop van die wêreldgeskiedenis vir die volgende eeue in Oos-Europa beslis word, is die handjievol Afrikaners in ons land besig om met mekaar te wedywer oor wie se leier na 'n volgende verkiesing Eerste Minister sal wees binne die Britse Ryk.**

Dit is omtrent die beeld wat ons kry uit die reaksies wat daar vanuit nasionale geledere gekom het op Die O.B. se pleidooie om hegtere aaneensluiting van ons volksgeledere. Ons wil nog nie hardhandig optree teenoor hierdie mondstukke nie — dit is nog nie die amptelike en dus finale antwoord van die H.N.P.-leiding nie — maar in belang van die volk is dit nodig om druk uit te oefen op hierdie onwillige politici wat 'n eerste ministerskap in die pad laat staan van volksredding. Laat ons dus 'n paar argumente ontleed.

Die eerste, wat ons vandag wil behandel, is die algemene reaksie by die Nasionale blaaie om die Ossewabrandwag te verwyt dat hy die Britse parlement wil afskaf en intussen die Smuts-regering maar sy gang wil laat gaan. **Hul strewe daarenteen is om die verandering van regeringstelsel op die lange baan te skuif — indien hulle ooit nog so iets begeer — en al hul selfstandige krag in te werp om die Smuts-bewind uit die kussings te lig, m.a.w. om 'n alternatiewe regering in die huidige stelsel te bepleit.** Hierdie poging sal op hul eie kragte en daarop alleen moet geskied, want met ander anti-Smuts-groepe weier hulle om saam te werk. Dit is ten duidelikste verklaar deur Die Transvaler en Die Oosterlig.

**Ons herhaal: onderwyl die verloop van die wêreldgeskiedenis in Oos-Europa vir die volgende eeue beslis word, onderwyl die voortbestaan van die westerse beskawing en leefwyse — parlemente en eerste-ministerskappe inkluis — beslis word en die moontlikheid nie uitgesluit is nie dat alles van die bestaande orde in die vlamme van 'n bloedige kommunistiese revolusie sal opgaan, word die Afrikanervolk magteloos uiteen gehou oor die vraag of J. C. Smuts dan of D. F. Malan die volgende Premier van die Kroon moet wees in die Britse Dominium, die Unie van Suid-Afrika.**

## DIE NOOD EIS DIT

Indien daar by die nasionaalgesindes verskil van mening bestaan het oor die wenslikheid van die afskaffing van die Britse parlementêre stelsel, dan was daar nog iets te sê vir hierdie blaaie se houding, want dan KON dit 'n strydpunt gewees het. Maar nou het ons reeds ten oorvloede toe aangetoon dat die H.N.P.-leiers eenstemmig was met die O.B.-leiding oor die ongewenstheid van die huidige regeringstelsel.

**Om na die volk te gaan in hierdie revolusionêre tyd en maar bloot 'n „alternatiewe" partybewind te bepleit, is onses insiens noodlottig — dit speel in die hande van die kommuniste; daarom dat ons daarop aandring dat die grondslag vir gesamentlike optrede moet wees die daarstelling van 'n nuwe volksregeringstelsel in die plek van die vervalle en in onguns geraakte parlementarisme van die vorige eeu. Alleen daarmee sal daar voldoende geesdrif gewek kan word — selfs ook maar bloot vir 'n „alternatiewe regering".**

Binne die Eenheidskomitee was daar die nodige eenstemmigheid op die grondslag van die konsep-grondwet wat die Ossewabrandwag saam met dr. Malan „in hoofpunte en in wye omtrek" aanvaar het. Dit behoort nog die geval te wees as ons maar net nie opportunistiese party-oorwegings in die pad laat staan nie. **Die nood van die tyd vereis die sameballing van alle kragte — in Europa selfs die saamgaan van Amerika met Duitsland — en ons klompie Afrikaners?**

# Spoorweë Weier Vergunning Aan Die O.B. Wat Kommuniste Geniet

**Nadat daar meer as 'n jaar lank pogings aangewend is om van die Suid-Afrikaanse Spoorweë dieselfde vergunning te verkry vir verspreiding van Die O.B. as wat ander politieke weekblaaie soos o.a. The Guardian, 'n kommunistiese blad, en Die Kruithoring, H.N.P.-orgaan, geniet, is eindelik finaal antwoord van die Publisiteitsafdeling van die Spoorweë ontvang dat hulle weier om Die O.B. ook te versprei omdat dit dan teen hul beleid sou wees. Aangesien daar geen verskil kan wees tussen Die O.B. en genoemde twee blaaie nie, behalwe dat die een die kommuniste en die ander die H.N.P. se beleid verkondig, openbaar hierdie weiering 'n besonder vyandige houding van rege ngsweë teenoor die Ossewabrandwag.**

**Dit moet vir iedereen nou duidelik wees dat die H.N.P. en Kommunistiese Party baie nader aan die Regering staan as die Ossewabrandwag. Spoorweg-boekwinkels het met die grootste gretigheid die verkoop van genoemde blaaie (en nog baie ander groepblaaie) aanvaar, maar die Ossewabrandwag se aansoek word geweier.**

**Daar is beginsels op die spel, en die saak kan nie maar daar gelaat word nie. O.B.-lede kan baie help om gewig by te sit deur self by Spoorweg-boekwinkels aan te dring op verkoop van Die O.B. en regstreeks aan die bestuurder van die Spoorweë se publisiteitsafdeling te skryf.**

***Leser, as U klaar is, gee die O.B. aan 'n Afrikaner wat nog onbekend is met die Feite.***

# O.B. en Teruggekeerde Soldaat

**IN 'N VORIGE UITGAWE HET ONS DIE BRIEF VAN 'N SOLDAAT GEPLAAS. ONS WIL GRAAG DIE AANDAG VAN ELKE LESER DAAROP VESTIG. KORTLIKS SIT HIERDIE SOLDAAT SY REDES UITEEN WAAROM HY EN ANDER MANNE HULLE TOT DIE VOLKSBEWEGING AANGETROKKE VOEL. EINTLIK KAN DIT OOK NIE ANDERS NIE.**

**Die Afrikaners in uniform, met of sonder rooilus, was en bly Afrikaners.** God het hulle in hierdie volk geplaas en dit betaam geen mens om hulle te probeer uitdryf nie. Ons wil verder gaan: nie net is hulle volwaardige Afrikaners nie. **Hulle is bowendien in baie gevalle Afrikaners met 'n gespesialiseerde kennis en ondervinding wat uiters belangrik en nodig mag word in die dae wat ons volk voor die deur staan.**

Vir elke Afrikaner met verantwoordelikheidsbesef word dit derhalwe 'n dure plig, nie om die volksgenoot met die rooilus af te stoot of uit te keffer nie, maar veeleer om hom nader te trek en hom te laat tuisvoel in die Volksbeweging.

**Hulle weer, sal op hul beurt moet leer dat die elemente wat vir hulle vandag bewierook — die kapitalisties-jingo-elemente — hulle na die oorlog as uitgediende werktuie opsy gaan gooi. Vanaf 1914 tot 1918 was die soldate „our boys". In 1922 is hulle deur hul vorige bewonderaars as stakers op die Rand geskiet. En dieselfde bewonderaars van destyds is ook vandag aan bewind.**

### Voel Tuis

Eintlik behoort die Afrikaner uit die leër, wat dit wel meen met sy volk, spoedig tuis te voel in ons geledere, want ook hier sal hy vind dat die klem nie op regte nie maar op pligte, nie op woorde nie maar op dade gelê word. **Ook is dit onteenseglik dat die meeste soldate sterk sosialisties beïnvloed uit die oorlog terugkeer. By die O.B. sal hulle 'n sosialistiese lewensbeskouing aantref; die sosialisme van die daad, van die Noodhulpfonds en van ons geswore eed: „Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm; ek sal hom nie in die stryd verlaat nie".** Sosialisme as lewensbeskouing sal hy by ons vind; 'n volkseie sosialisme gedrenk en gedra deur nasionale liefde en oortuiging. Die lewensbeskouing wat, anders as die liberalisme sê dat „Volksbelang gaan voor eie-belang".

### Wedersyds

**Dat** die Afrikaner uit die leër by ons tuishoort is duidelik. **Hoe** om hom by ons te kry is moeiliker om te bepaal. Maar een feit staan vas: dit **moet 'n wedersydse verhouding wees. Nie net moet hy kom nie; ons moet hom ook trek;** elkeen van ons persoonlik en afsonderlik.

Laat ons eers voor ons eie deur vee, elkeen van ons persoonlik. Daarna kan ons ander mense se deure bekyk en beoordeel. Het ons, elkeen van ons, die soldaat in uniform, wat ons as volksgenoot ken, in vriendelike omgang en gesprek gevoer, sonder argumente of verwyte — net as een Afrikaner teenoor 'n ander? **Het ons hom laat verstaan dat ons wel van hom mag verskil oor die saak waarvoor hy veg, maar dat ons die moed waardeer wat hy aan die dag gelê het?** Het ons hom geleentheid gegee om die gees van die Beweging van nader te leer ken, nie as 'n lot „amalaitas" wat daarop uit is om alleenlopende soldate te oorval nie, soos die Jingo-pers wil te kenne gee, nie as verdelers nie, maar juis as saamsnoerders van alle Afrikanerkragte, ook soldatekragte?

### Destyds al

Toe partypolitici geen goeie woord gehad het vir die soldate nie en hulle uitgekryt het vir „Hanskakies" en „Rooivlerkspreeus", toe het die Volksbeweging, by monde van sy leier, gesê: As die manne, wat vandag veg, terugkom en hul lot by die Afrikanerdom ingooi, sal die brug na die Ossewabrandwag vir hulle altyd oop wees. Daardie mense sal die O.B. nodig kry, die O.B. sal hulle nodig kry — **en die Afrikanerdom sal albei nodig kry".**

Hierdie houding dateer nie net uit 1945, uit vandag nie. **Dit is gesê namens die Beweging meer as drie jaar gelede te Vryheid, Natal, op 26 November 1941.**

Die tyd van saamstaan nader vinnig. Vanuit die O.B.-leiding is die pad lankal oop, jarelank al oop. Laat elke individuele lid van die O.B. die pad oophou in sy distrik en in sy onmiddellike omgewing.

Nog eens, ons beveel die onlangse brief van 'n soldaat aan vir elke leser se oorpeinsing. En na u dit bestudeer het — handel dienooreenkomstig.

## NOODHULPFONDS

Mevr. S. J. van Dalen van Port Elizabeth skryf aan die Sekretaris van die Noodhulpfonds:

By geleentheid van my seun se 21ste verjaarsdag, het ek dit goed geag om ietsie in te samel vir diegene wat nie so gelukikg is soos ek nie. Ek het my dierbares by my met hul verjaardae, maar daar is soveel wat hul verjaardae agter die Empire se tronkdeure moet vier. Ek het dus 'n koek gebak en met glasbak en al verkoop, en het daarmee £4 bymekaar gebring. Ek is net jammer dat dit nie meer kon wees, want ons Noodhulpfonds lê baie naby die hart, en veral ons leuse: Een vir Almal en Almal vir Elk.

Lang lewe die O.B.

Mevr. S. M. Steyn van Johannesburg, skryf:

Hiermee wil ek van die geleentheid gebruik maak om u in die eerste plek persoonlik baie hartlik dankie te sê vir alles wat u aan my en my gesin gedoen het in die afgelope vier jaar van my man se internering. Altyd in al daardie jare was ek deur u en die kantoorpersoneel uiters vriendelik en opreg ontvang en behandel; ook was u altyd onvermoeid in u ywer om vir ons vrouens alles te doen wat u kon en nooit ongeduldig om na ons klagte en moeilikhede te luister nie. Ek kan u verseker dat sulke liefde daartoe bygedra het dat ons die jare van swaar kon dra met vrymoedigheid en tevredenheid.

Ek wil ook my innige dank uitspreek jeens die Fonds wat soveel gedoen het om ons las ligter te maak. As dit nie vir die Noodhulpfonds was nie, sou ons baie dae nie geweet het waar om kos vandaan te haal nie. Ons dank die Here dat Hy die Fonds daargestel het en sulke geduldige vriende om dit te bestee en ek bid dat Hy vir u en u personeel ryklik sal seën in die toekoms.

Ook dank ons die Here dat my man werk gekry het en weer vir ons kan sorg en ons 'n deeltjie kan bydra tot die Fonds om ander wat nog in moeilikheid is te help.

Nogmaals duisend dankies vir al u vriendelikheid. Ons waardeer dit so baie.

**DEFTIGE SOMERSHOEDE**
**in groot verskeidenheid**
**by**

**Parow se Moderne**
**DAMESMODISTE**
**Voortrekkerweg — PAROW**

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
**Fabrikante van**
**Kelder- en Besproeiings masjinerie.**
**Bus 10, HUGENOOT, K.P.**

# Reaksies op O.B. se Eenheidspoging

— Na aanleiding van die pleidooie vir volkseenheid in Die O.B. in die afgelope paar weke het daar heelwat reaksie ingetree in die blaaie van die H.N.P. Onderstaande is 'n kort opsomming van wat in die vier partyblaaie verskyn het. —

## Beskuldigings

**Die Volksblad** verklaar in 'n hoofartikel dat die Ossewabrandwag met hierdie eenheidspoging sy eie swakheid erken. „Dit is die welsprekendste erkenning van eie swakheid en van die leiers se onvermoë om hul on-Afrikaanse, diktatoriaal-getinte denkbeelde by hul volk ingang te laat vind", word verklaar. Voortgaande beduie die blad heel teenstrydig met bogenoemde stelling dat die Ossewabrandwag se doel met die eenheidsfront slegs is om die parlement af te skaf „en dan sou hy iets bereik wat die Afrikanervolk nie wil hê nie — 'n Van Rensburg-diktatuur, wat op die voetspoor van die Europese voorbeelde die volkswil kan onderdruk en geen verantwoording aan die volk verskuldig is nie".

Verder beweer die blad: „Nêrens in die pronunciamento's en uitvaardiginge van die O.B.-leiding kan ons 'n woord ontdek om te bewys dat hy hom voorneem om van die Smutsregering ontslae te raak nie".

Ten slotte word verklaar dat die Herenigde Nasionale Party die enigste organisasie is wat gesonde volksregering aan die volk kan gee.

### Nie Swak Nie

**Opmerkinge:** Die O.B. se poging tot 'n eenheidsfront is nie 'n erkenning van eie swakheid nie, maar van swakheid van ons volk solank hy verdeeld staan teenoor 'n verenigde vyand. Daarom roep hy die HELE volk op om saam te staan. Indien hy (die O.B.) swak was, sou hy ook soos sommige H.N.P.-sprekers en -blaaie, bang gewees het vir eenheid omdat dit hom sal „ondermyn" (vgl. die verklaring van genl. Kemp en adv. Strydom waarin hulle waarsku teen versoeningspogings in sommige kiesafdelings omdat dit die H.N.P. ondermyn).

**Die feit dat Die Volksblad in so'n samewerking net 'n uiteindelike „Van Rensburg-diktatuur" sien, is verdere bewys vir die vrees dat die H.N.P. se invloed sal verdwyn in enige kombinasie van volkskragte en 'n onbedoelde erkenning van die Ossewabrandwag se invloed. Want as almal saamwerk, waarom sal dan juis die O.B. se „doelstellings" seëvier? Daar is mos geleentheid vir elkeen om in so'n samewerking vir ons volksbeginsels te skerm.**

In verband met die beskuldiging dat die O.B.-leiding nêrens praat van die Smuts-regering nie, kan ons slegs die hande ophef vir so'n naïwiteit. As die O.B. 'n „Van Rensburg-diktatuur beoog", is dit op Robben-Eiland of hier in Suid-Afrika waar Smuts regeer en eers uitgewerp moet word voordat 'n O.B.-bewind kan plaasvind? Verder verwys ons net na die volgende paragraaf op bladsy twee (kolom vier) van Die O.B. van 24 Januarie jl.: „Hoekom wil die O.B. die volkseenheid hê? Om die Smuts-bewind wortel en tak te vernietig — verdrukkers van die Afrikanerdom!"

## EKSKUSE

**Die Burger** redeneer ongeveer in dieselfde trant, naamlik dat die O.B. die parlement wil afskaf teen die wil van „die oorgrote meerderheid van die kiesers", en verder dat dit ons intussen „onverskillig is of die Verenigde Party langer aan bewind bly of nie".

Hierop kan natuurlik geantwoord word dat die H.N.P. ook geen kans „intussen" het om 'n bewindsverandering teweeg te bring solank hy nie die steun van minstens alle nasionaalgesinde Afrikaners kry nie, soos die **onlangse tussenverkiesing in Germiston-distrik nog bewys het, waar die Verenigde Party 1600 stemme minder gekry het as 'n jaar gelede en die H.N.P. 860 stemme minder — 'n bewys dat die volk sy vertroue in ale partye begin verloor.**

In 'n verdere artikel het Die Burger met aanhalings ens. beduie dat die O.B. verkeerd is as hy hom op die ontwerp-konstitusie van 1941 beroep as grondslag van eenheid omdat dit nie deur die H.N.P. as beleid aanvaar is nie, en ook dat daarin voorsiening gemaak word vir 'n „parlement". Die feit is egter dat die H.N.P. dit laat publiseer het as rigsnoer vir sy volgelinge, d.w.s. as 'n **aanduiding van wat hulle kan verwag as beleid. Of dit formeel deur 'n kongres aanvaar is of nie, maak geen saak nie; dit is aanvaar as 'n moontlike beleid, en kon dus as grondslag vir samewerking dien. Dr. Malan self het te kenne gegee dat hy dit „in hoofpunte en in wye omtrek aanvaar".**

### Geen Partyregering

Wat die argument betref dat die ontwerp-konstitusie ook maar voorsiening maak vir 'n parlement, kan daarop gewys word dat die regeringstelsel van die Republiek grondig sou verskil van die huidige parlementêre stelsel.

**Dit sou 'n volksregering wees in plaas van 'n party-regering.** In sy omsendbrief 1/41 het die O.B. hierdie deel van die konsep as volg vertolk: **„In verband met bogenoemde samestelling van die Ministerraad en Volksraad moet daarop gelet word dat daar in hierdie stelsel nie soos in die teenswoordige sogenaamde demokratiese of Brits-parlementêre stelsel 'n politieke party ministers aanwys om die land namens 'n politieke party te regeer nie".** En dr. Van Rensburg het uitdruklik aan dr. Malan gevra of hy fout vind met enige artikel in genoemde omsendbrief. Dr. Malan het die vraag ontwyk. **As hierby dr. Malan se eie uitlatings geneem word waarin hy die Britse parlementêre stelsel verwerp, soos te Stellenbosch op 25 Maart 1941, is dit duidelik dat ons hier wel eenstemmig was in breë trekke.**

## AGTERDOGTIG

**Die Transvaler** meen dat Die O.B. se pleidooie slegs 'n plan is om aan die volk te kan sê dat hy nog 'n poging aangewend het om eenheid te kry en dat dit deur die H.N.P. verwerp is. (Dan sou dit die beste taktiek vir die H.N.P. wees om die voorstel nie te verwerp nie!—Red.)

Verder voer die blad aan dat die Smuts-bewind alleen verslaan kan word deur „die sterkste politieke organisasie wat die Afrikanerdom het, die H.N.P.", en dit moet geskied „deur MET die stem en IN die parlement 'n nuwe bewind te plaas".

**In 'n vorige artikel het die blad verklaar dat die H.N.P. alleen en op sy eie die bewind gaan verower.**

**Die Oosterlig** beklaag ook die bedoeling van die O.B. om die parlement te wil afskaf, en hy noem dit strydig met ons volkstradisie. „Eenheid kan alleen verkry word op grondslag van die voorvaderlike tradisies en die lewensbeskouing van ons volk, en een van die allerbelangrikste stutte daarvan is die stelsel van volksregering, wie se nek dr. Van Rensburg wil omdraai...... **In die omstandighede sal geen Nasionalis hom steur aan die kamstige eenheidskrete van dr. Van Rensburg nie. Die Nasionaliste wil met die O.B.-leiers niks te doen hê nie".** Aldus die Oosterlig.

### Sy Eie Woorde

Die beste antwoord hierop sal 'n aanhaling wees uit die redakteur van Die Oosterlig se eie geskrif 'n jaar of vier gelede, waar hy die Britse parlementêre stelsel verwerp het as vreemd — wat die Ossewabrandwag vandag nog doen:

**„In die vrye Republiek van die Nuwe Suid-Afrika kan die huidige bestuursvorm nie bly voortbestaan nie. Dit spreek vanself. Die Parlementarisme, met sy seremonies en prosedure, is 'n Britse instelling wat nog altyd vreemd is vir die Afrikaner".**

So het dr. Otto du Plessis, redakteur van Die Oosterlig, in 1940 geskryf in sy brosjure „Die Nuwe Suid-Afrika".

**Waarom kan ons nie op hierdie standpunt mekaar weer vind nie?**

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind

Genl. C. L. de Jager, Gebiedsleier van die Vrystaat. Sonder verhoor in sy huis in hegtenis geneem en vir twee maande in die tronk opgesluit.




**Daarna met £5 in die magistraatshof beboet weens die besit van 'n rewolwer sonder lisensie. Na betaling van sy boete opnuut in hegtenis geneem vir internering. Vir byna twee jaar agter die doringdraad en toe op eie koste op sy plaas geïnterneer vir etlike maande. Tans weer op sy pos.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat nie, en nie aan die vyand uitlewer nie".**


# SLANGVEL IN INGEVOERDE BLIK VLEIS

**'n Tyd gelede het Die Vaderland 'n berig gehad van 'n gesin wat een van die ingevoerde blikkies vleis oopgemaak en daarin 'n slangvel ontdek het. Die vel is toe aan deskundiges oorhandig om vas te stel watter soort slang dit was. Tans kondig Die Vaderland aan dat na meer as twee maande se ondersoek, die blad in kennis gestel is dat daar niks openbaar te maak is in verband met die mening van deskundiges oor die beweerde slangvel nie. Deur die adjunk-gesondheidsbeampte van Johannesburg is meegedeel dat die verslag van die deskundiges wat die vleis ondersoek het, ontvang is, maar dat dit nie openbaar gemaak sal word nie.**

**Lesers sal onthou dat die Unie in vier jaar se tyd een jaar se vleis ekstra uitgevoer het na Engeland. Om hierdie verlies goed te maak nadat hongersnood in die Unie begin intree het, het die oorloggesinde partybewind daartoe oorgegaan om blikkiesvleis uit Suid-Amerika in te voer wat in ons slaghuise verkoop moes word in plek van vars vleis. Dit is in een van dié blikkies wat die slangvel ontdek is.**

NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WêRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2275

ONS STAAN IN DIENS VAN DIE BOEREVOLK VIR ALLES

SONOP

BLOEMFONTEIN

DIE WINKEL MET 'N IDEAAL

AANDAG!!

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder

JOHN SCHOEMAN,

„EXCELSIOR"

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.

